

Gesprekke met gay lidmate in Stellenberg-gemeente asook ouers en familie van gay lidmate

Alhoewel die saak van selfdegeslagverhoudings voorheen telkens in die gemeente vanuit 'n etiese en teologiese hoek bespreek en beoordeel is, is daar nog nooit in ons gemeente openlik en direk met gay lidmate, die ouers van gay kinders, of mense met gay familieledede gesels, en na hulle geluister om dan hulle opinies in ons standpunte by te werk nie.

Die kerkraad het daarom in Maart 2019 aan die gemeente se toerustingkommissie opdrag gegee om met gay lidmate in die gemeente en ouers/familie van gay lidmate in gesprek te tree. Ons is bewus daarvan dat dit vir mense wat diskriminasie beleef, steeds baie moeilik is en daarom wil ons deur gesprekvoering ruimte skep sodat gay mense in die toekoms veilig kan voel om hulle gevoelens te deel. Die kerkraad glo dat sulke gesprekke – eerder as debatte – ons in die toekoms beter op ons gesamentlike geloofonderskeidende pad kan help.

Gesprekke met ouers van gay kinders wat in ons gemeente grootgeword het

Al die ouers met wie gesprekke gevoer is, se kinders het in die gemeente grootgeword en is al vir baie jare deel van Stellenberg se geloofsgemeenskap. Tydens al die gesprekke het die volgende hoofgedagtes na vore gekom: Ouers het hulle waardering uitgespreek dat die kerkraad met hulle in gesprek wou tree en het dit as 'n veilige omgewing beleef waarin hulle vrylik hulle persoonlike ervarings en belewings kon deel. Sommige het laat blyk dat hulle graag in die toekoms deel sal wil wees van 'n ouerondersteuningsgroep.

Dit het ook uit die gesprekke duidelik geblyk dat al die kinders openlik in gesprek met hulle ouers oor hulle seksuele identiteit praat. Sommige ouers het vertel hoe hulle aanvanklik deur verskillende fases van woede, seerkry en rou moes werk voor hulle uiteindelik by 'n punt van aanvaarding gekom het en dat die proses in baie opsigte traumaties was. Ouers se worsteling lê uiteraard op 'n heel ander vlak as die gesprekke waarin homoseksualiteit vanuit 'n objektiewe, etiese, of godsdienstige perspektief beoordeel word.

Alhoewel baie ouers deur vriende ondersteun is, voel die meeste van hulle steeds baie broos en onseker in die geloofsgemeenskap. In baie gevalle bestaan daar spanning en konflik met uitgebreide familieledede, wat hulle op godsdienstige gronde sterk teen selfdegeslagverhoudings uitspreek. Ouers beleef gereeld nog die seerkry wanneer veroordelende en onvanpaste opmerkings oor gay mense in hulle teenwoordigheid gemaak

word. Dit is verstaanbaar dat gaymense en hulle families die persepsie moet verduur dat gelowiges in hulle geloofsgemeenskap veroordelend teenoor hulle en hulle kinders staan.

Gesprekke met gay lidmate in ons gemeente

Al die gesprekke is gevoer met mense wat hulle tans in 'n selfdegeslagverhouding, of 'n burgerlike verbintenis bevind. Lidmate het openlik vertel hoe hulle oor die jare heen met hulle eie identiteit geworstel het en die negatiewe impak daarvan op hulle fisiese en psigiese gesondheid, asook op hul geloof. Die kinders wat in ons gemeente grootgeword het, het almal vertel hoe hulle alleen deur hulle tienerjare moes worstel a.g.v. voortdurende onsekerheid of hulle ouers hulle sou aanvaar. In sommige gesprekke het lidmate beken dat die meeste van hulle tydens hulle tienerjare depressiewe periodes beleef het en sommige het selfs selfmoord oorweeg. Al die gemeentekinders met wie gesprekke gevoer is, word vandag deur hulle ouers aanvaar en ondersteun. Dit is besonders om dié getuienisse van gesinne wat eerstehands die situasie beleef het, van hoe die Here se liefde en genade hulle deur moeilike tye gedra het, aan te hoor.

Gay lidmate is baie dankbaar dat die kerkraad bereid was om met deernis na hulle kant van die saak te luister en dat hulle as volwaardige lidmate in die gemeente verwelkom word. Hulle het ook die behoefte uitgespreek dat sulke gesprekke met hulle in 'n veilige ruimte moet voortgaan.

Skrywe van 'n ouer

Baie dankie vir die inisiatief van Stellenberg se kant om uit te reik na ons as ouers. Dit was 'n geleentheid waar ons vir die eerste keer kon verbaliseer hoe ons pad oor jare geloop het en hoe ons tot by die punt van aanvaarding gekom het. Dit was ook 'n geleentheid waar ons as ouers ons bekommernisse en vrese kon deel.

Die pad vorentoe is dikwels nie maklik nie en ons ervaar soms verwerping van vriende, familie en kollegas. Ons waardeer die uitreik na ons sodat ons ons storie kon vertel en dit makliker te maak om die situasie te hanteer. Vir baie ouers is dit 'n daaglikse stryd weens vooroordeel van buite. Stellenberg se standpunt teenoor selfdegeslagverhoudings is vir ons as ouers baie gerusstellend en dra daartoe by dat ons en ons kind tuis voel in die gemeente.

Skrywe van gay lidmaat wat in die gemeente grootgeword het

'n Mens klim nie net een keer uit die kas uit en dan is die bomskok, vrae en onsekerhede verby nie. Inteendeel, mens klim daaglik en aanhoudend uit die kas: 'n nuwe werk, nuwe haarkapper, die vrou wat agter die toonbank werk, die loodgieter wat iets by jou huis kom regmaak, die dokter se spreekkamer wanneer jy moet verduidelik dat die hooflid 'n vrou en ook JOU vrou is, nuwe kennis . . . in elke fase van jou lewe, is daar (soms wetend en soms onwetend) die onsekerheid en angs rondom wanneer jy vir ander gaan sê dat jy gay is (die kliënt maak geselsies en vra of jy getroud is. Jy antwoord "ja." Dan kom die vraag: "Wat doen jou man?"). Dit is uitputtend, frustrerend en vreesaanjaend. Niemand wil permanent blootgestel voel nie.

Nie net klim jy daaglik uit die kas in verskillende sosiale situasies nie, maar jy moet ook vrede in jouself maak . . . veral as gelowige. Die kerk kan die hawe van veiligheid wees, vir die wat verwerp is, die wat vrae het of selfs net die wat graag vriende wil maak sonder die vrees van veroordeling en klipgooiery. Jesus was 'n plek van veiligheid . . . opreg, sonder oordeel en sonder agendas. Die kerk kan en moet dit word vir almal. Maar miskien veral vandag, vir gay gelowiges. Ek wil nie na 'n gay-vriendelike preek gaan luister nie. Ek wil na 'n preek gaan luister wat vir almal is. Ek wil nie in 'n gay-selgroep wees nie . . . ek wil net aan 'n selgroep behoort waar ek kan deel van my huwelik en my gesin, met die wete dat die mense rondom my verstaan ek is in 'n huwelik en verbond met God as getuie. Ek soek 'n hawe, waar ek kan rus en groei tussen ander gelowiges. Ons samelewing was nog nooit so honger vir dit wat die kerk kan bied, soos nou nie.

Gevolgtrekking van die toerustingkommissie na aanleiding van die gesprekke

Dit blyk beslis dat die gesprekke met gay lidmate mense 'n ander beoordeling en groter begrip vir die kwessie gee. Sulke gesprekke kan ons help om gay mense in die gemeente te laat tuisvoel, en ook ander wat met dié kwessie worstel, te begelei.

Die gesprekke het die kommissie diep onder die indruk van gay lidmate en hulle gesinne en families se pyn en seerkry gebring. Alhoewel die meeste ouers en kinders met wie gesprekke gevoer is, met baie genade deur hulle stryd behoue gebly het, was die pad van selfontdekking vir hulle baie moeilik en traumaties. Dit is hartseer dat hulle stemme nie in die verlede gehoor is nie en hulle moet nou verseker word van ons gemeente se ondersteuning.

Daar moet aanvaar word dat gay lidmate en hulle families se worsteling op 'n heeltelmal ander vlak lê as gelowiges s'n wat die saak bloot op 'n etiese en teologiese vlak beoordeel. Die gesprekke rakende selfdegeslagverhoudings moet op verskillende vlakke gevoer word

en die nodige ruimte, toerusting en kommunikasiegeleenthede moet daarvoor geskep word. Daar moet ook met gelowiges wat steeds ongemaklik voel oor die gemeente se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings, in gesprek getree word.

Die spesifieke groep lidmate wat gay is, word steeds in ons gemeenskap aan veroordelende en afkeurende opmerkings blootgestel, wat hulle vernederd en verstote laat voel.

Taalgebruik speel hierin 'n belangrike rol en die res van ons in die gemeente sal ons voortdurend daarvoor moet beywer om deur dit wat ons sê, inklusief oor alle grense heen na alle mense uit te reik. Ons moet ons afvra tot watter mate ons daarin slaag om ons woorde versigtig te kies.

Dit raak nie net selfdegeslagverhoudings nie, maar geld ook vir 'n aantal ander aktuele kwessies waar mense se menswaardigheid in gedrang kom en waartoe Stellenberg geroepe is om versoenend op te tree. Ons moet daarna streef om mekaar se oortuigings en situasies te respekteer en nie veroordelend te wees en mense wat "anders" dink en doen, voor die voet te verwerp nie.

Gaylidmate het die behoefte uitgespreek om as gelowiges op gelyke vlak met ander in die gemeente te verkeer en dit is nie hulle voorneme, of bedoeling om aktivisties op te tree nie.